

VAAL WEEKBLAD
16 Apr 2014, p.3

Carels vier eerste oes

Jannie du Plessis

VANDERBIJLPARK. - Air Products het in Augustus verlede jaar met die internasionale filantropiese organisasie, Inmed, saamgespan om die grootste eenheid wat tot dusver in Suid-Afrika ontwikkel is by die Hoër Tegniese Skool Carel de Wet in Vanderbijlpark van stapel te stuur.

HTS Carel de Wet is die eerste skool in die land wat die Inmed-akwaponiese projek as deel van 'n landbouopleidingsprogram gebruik.

Air Products South Africa het innoverend en volhoubaar te werk gegaan om sy verbintenis tot 'n beter toekoms deur middel van jeugontwikkeling in die land te bevestig. Die maatskappy korporatiewe sosiale belegging (KSB) behels 'n projek wat 'n innoverende en volhoubare boerderytegniek genaamd akwaponika gebruik om die landwyse armoede te help verlig. Die akwaponiese stelsel pak 'n verskeidenheid uitdagings aan, insluitend swak grondgehalte en die waterskaarste. Verder maksimaliseer die stelsel ruimte tienvoudig in vergelyking met gewone saamboerdery. Akwaponika is 'n intensiewe voedselproduk-



Voor van links: Janet Ogilvie (INMED Suid Afrikaanse Operasionele Direkteur) saam met leerlinge van Hoër Tegniese Skool Carel de Wet. Heel regs voor staan Khumbudzo Manyaga (INMED South Africa program bestuurder). Middel van links is: Josua le Roux, (hoofbestuurder vir Sentrale Ondersteuning van Air Products South Africa), Gawie Richter (skoolhoof) en Mike Hellyar (besturende direkteur van Air Products South Africa). Foto: Jannie du Plessis

sietegniek wat akwakultuur (visboerdery) en hidroponika (om plante te kweek sonder grond) kombineer. Dit is 'n geslote stelsel waardeur die voedingstowwe vanuit vistenks

gruisgroeibeddings voed. Dit dien as 'n filter vir die water wat skoongemaak, geokseer en in die vistenks teruggepomp word.

Sedert die bekendstelling van die akwaponiese eenheid het die leerlinge die innoverende boerderytegniek in die praktyk leer gebruik, en het verlede week hul eerste groentoes ingesamel.

"Ons was opgewonde om te sien hoe die vrugte van ons arbeid deur verkope in wins omgesit word," sê Gawie Richter, die hoof.

Die skool bestuur altesaam ses groeibeddings wat tamaties, komkommers en groenrissies bevat. Die ander drie groeibeddings word vir opleiding gebruik. Die groente is aan die begin van Maart aangeplant en was gereed vir die "Eerste Oes-geleentheid"

"Die leerlinge het waardevolle lesse met die stelsel geleer, veral dat voedsame kos met 'n bietjie water in 'n klein ruimte verbou kan word. Hulle het ook aspekte van die landbou-

ekonomie onder die knie gekry, byvoorbeeld om nuwe markte vir hulle produkte te identifiseer en dit te beskerm," sê Richter.

Mike Hellyar, die besturende direkteur van Air Products South Africa, verduidelik: "Voedselvoorsiening is werklik kommerwekkend, veral in die ekonomies agtergeblewe dele van ons land.

Dit is van die uiterste belang dat kinders voedselproduksiemetodes aanleer wat toekomsgerig is, en dat volhoubare stelsels daarvoor ingespan word wat natuurlike hulpbronne help bewaar.

Die nood van minderbevoorregte kinders lê ons na aan die hart en toe Inmed ons nader om met 'n projek te help wat 'n meer selfversorgende gemeenskap kon skep, het ons die geleentheid aangegryp," sê Hellyar. "Die sukses van die projek beteken dat akwaponika nou by ons landbouleerders se kurrikulum ingesluit is," sê hy.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.